SOMERGRAAN OESREËLINGS

MEI 2022

Met die somergewasse-oes op hande, gaan ons weer 'n besige tyd tegemoet en wil ons graag die volgende reëlings vroegtydig met u kommunikeer om die inname glad te laat verloop. U word vriendelik versoek om hierdie inligting met kontrakteurs te bespreek sodat hulle ook op hoogte sal wees met betrekking tot die reëlings.

1. ADMINISTRATIEF

Elke vrag wat aangebied word, moet vergesel wees van 'n volledig voltooide geleibrief. Dit gebeur wel dat Vragmotorbestuurders met vragte by die silo aankom en nie seker is wie se produk dit is nie. Sulke gevalle moet gewoonlik wag totdat die nodige inligting beskikbaar is. Dit sal waardeer word indien u asseblief u selfoonnommer op die geleibrief sal aantoon, dan kan ons u kontak indien daar enige probleme is.

2. AFLAAIREËLINGS

Reëlings in hierdie verband, behels die volgende:

1. OVK verskaf personeel wat sal aflaai.
2. OVK personeel sal behulpsaam wees met die oop- en toemaak van vragmotorklappe. Indien u nie tevrede is met die manier wat personeel die klappe oopmaak nie, moet u dit asseblief met die Silobestuurder opneem.
3. Produsente of kontrakteurs word versoek om spesifiek te let op die volgende aspekte van hul voertuie:

- Syklappe en/of sluise wat moeilik oop- en toemaak.
- Voertuie wat net aan die een kant aflaai.
- Voertuie sonder syklappe wat slegs agter aflaai.
- Voertuie met te klein sluise wat stadig aflaai.
- Voertuie wat olie lek kan nie aanvaar word as gevolg van voedselveiligheid standaarde.

Sou enige van bogenoemde aanleiding gee tot vertragings, behou OVK hom die reg voor om so 'n voertuig te laat wag. Lede se samewerking om hierdie aangeleenthede met kontrakteurs te bespreek, sal waardeer word.

3. ONTVANGSTE

Die normale ure van Maandae tot Vrydae is 8:00 tot 17:00 en sal van toepassing wees met die aanvang, waarna dit sodra die behoefte daar is, aangepas sal word. Die betrokke Silobestuurder behou egter die reg om leweringstye te wysig na gelang van omstandighede.

4. NAT GRAAN

'n Drogingstoegewing op mielies word gemaak tot en met 24 Junie 2022 en sal geen drogingskoste gehef word tot en met 16% vog nie.

*** Toegewing is onderhewig aan toelaatbare spasie en Silobestuurder se diskresie.

Silo's met droogfasiliteite sal normaalweg slegs mielies ontvang tot 'n maksimum vog van 16%. As die hoeveelheid nat mielies te veel word, behou OVK die reg voor om die ontvangstes van nat mielies te staak. Nat produk sal ingeneem word op Silobestuurder se diskresie.

5. DROOGKOSTE

Aangesien die berging van graan teen 'n voginhoud wat hoër is as die industrie standaarde, risiko's skep vir die langtermyn opberging van graan, moet vog verlaag word deur droging of deurlugting.

Die tariewe soos per aanhangsel A sal van toepassing wees op die verskillende vog intervalle.

LET WEL: Die droog- en siftariewe is onderworpe aan elektrisiteits en brandstofkoste en sal dienooreenkomstig aangepas word in verhouding tot veranderinge in sodanige koste.

5.1 MASSA AANPASSINGS OP NAT GRAAN

OVK hanteer die massa aanpassing van nat graan as volg:

5.1.1 VOGPERSENTASIES OP MIELIES

Mielies met 'n voginhoud tot 14% word as droog geag maar indien die voginhoud meer as 12.5% is word 'n vog aanpassing op die inname massa gedoen terug na 12.5%. Nat mielies met 'n vogpersentasie van byvoorbeeld 14.3% se massa word aangepas na 12.5% vog en die toepaslike drogingskoste word gehef.

5.1.2 VOGPERSENTASIES OP SONNEBLOM

Sonneblom met 'n voginhoud tot 10% word as droog geag maar indien die voginhoud meer as 9% is word 'n vog aanpassing op die inname massa gedoen terug na 9%. Nat sonneblom met 'n vogpersentasie van byvoorbeeld 11.3% se massa word aangepas na 9% vog en die toepaslike drogingskoste word gehef.

5.1.3 VOGPERSENTASIES OP SOJABONE

Sojabone met 'n voginhoud tot 13% word as droog geag maar indien die voginhoud meer as 12% is word 'n vog aanpassing op die inname massa gedoen terug na 12%. Nat sojabone met 'n vogpersentasie van byvoorbeeld 14.3% se massa word aangepas na 12% vog en die toepaslike drogingskoste word gehef.

5.1.4 VOG AANPASSING FORMULE

Bruto massa X **[**(100-werklike vog) ÷ (100-droë vog)**]**

BV 10 000 kg vrag Ym teen 14 % vog inhoud

10 000 kg X **[**(100-14) ÷ (100-12.5)**]**

10 000 kg X **[**(86) ÷ (87.5)**]**

= 9829 kg droê massa (0.89% hanteringsverlies word vanaf die massa verhaal)

6. SIFTARIEWE

6.1 GIFTIGE SADE

Indien giftige sade die graderings vereistes oorskry, sal die vrag slegs ingeneem word op diskresie van die Silobestuurder teen die aangehegde tariewe, andersins word die vrag weggewys. Neem ook kennis dat werklike sifsels persentasie dan afgetrek word omrede die vrag in totaliteit gesif moet word.

Die tariewe soos per die tariewe lys sal van toepassing wees op die verskillende intervalle per kommoditeit.

7. GSA NAVORSINGS- EN ONTWIKKELINGSHEFFING/ SACTA

Die SACTA-statutêre heffing is 'n verpligte heffing wat gevorder moet word, terwyl die GSA navorsingsheffing 'n vrywillige heffing is wat volgens gedifferensieërde tariewe gehef word op verskillende kommoditeite. Indien u nie hierdie heffing wil betaal nie, moet u OVK dadelik skriftelik daarvan in kennis stel. (Tariewe soos deur Graan SA bepaal)

8. KONTAKNOMMERS EN RAPPORTERING VAN PROBLEME

Indien u 'n probleem met enige van die personeel, of enige probleme ondervind, bring dit asseblief onder die aandag van persone soos hieronder aangedui:

Dries van der Linde	082 805 1698	Operasionele Bestuurder: Graan
Herman van Deventer	082 333 7566	Bedryfsbestuurder Graan: Noord Streek
Stephan Mpinyane	082 975 7005	Sparta depot
Cornel Henning	066 305 9357	Fouriesburg silo
Sipho Makatsi	066 305 9330	Ficksburg silo
Joe Stander	066 305 9356	Clocolan silo
Barry Schmidt	066 305 9344	Modderpoort silo
Valentino Killian	073 692 7513	Thaba Nchu silo
Ephraim Khopoche	066 305 9333	Marseilles silo
Thabile Mabele	066 305 9332	Westminster silo
Dirk van Jaarsveld	066 305 9318	Tweespruit silo
Jan du Toit	082 373 9128	Oranjerivier silo
Frans Jood	082 373 9108	Havengabrug silo
Heinie de Beer	082 606 5344	Morgenzon silo
Fanie Roos	082 748 6880	Rietrivier silo
Bradley Davis	083 353 1922	Prieska silo
Bradley Davis	076 741 0751	Swemkuil depot
Beulah Benkenstein	082 770 9550	Elliot Maize
Ruan van Greunen	071 920 4401	Cradock/ Mortimer silo

9. SEILE

Dit word aanbeveel dat vragmotors seile byderhand moet hê, ingeval van reën. Drywers moet seile betyds oopmaak om monsterneming te bespoedig en sodoende staantyd te beperk.

10. VEILIGHEID

Enige persoon wat OVK se terrein betree, word op eie risiko op die terrein toegelaat. Let asseblief op as u op die terrein beweeg aangesien dit 'n besige periode by die silo's is en baie voertuie op die terrein beweeg.

11. VOERTUIE

Voertuie wat langer as die padweegbrug is kan ongelukkig nie geweeg word nie. Na aanleiding van wysigings op die padvervoer wet (ACT NO. 64 OF 2008) wat afgekondig is in die Staatskoerant van 31 Oktober 2014 mag geen weegbrug meer geverifieër word om meer as 57,12 ton bruto massa te weeg nie. Hoewel die meeste van OVK se weegbrûe steeds 75 ton kan hanteer sal dit wysig na 57,12 ton met die volgende verifikasie. Maak asb by u silobestuurder seker van die weegbrug se vermoë alvorens u begin lewer aangesien vragte bo 57.12 ton in die toekoms nie meer geweeg kan word nie. Kontrakteurs en voertuig eienaars moet verseker dat hulle voertuie aan die padwaardigheids vereistes voldoen.

12. GRADERINGSINSTRUMENTE

Graderingsinstrumente word op 'n gereelde basis gediens en gekalibreer. Kalibrasie sertifikate is by alle silo's beskikbaar op aanvraag. Op vasgestelde tye word toetsmonsters, soos voorsien vanaf laboratoriums, getoets. Slegs gekwalifiseerde gradeerders sal gradering tydens inname doen.

13. GRADERINGSREGULASIES VIR MIELIES, SONNEBLOM EN SOJABONE

Bogenoemde grane word ontvang en gradeer onderhewig aan die Suid Afrikaanse graderingsregulasies en standaarde. OVK behou egter die reg voor om voorraad buite hierdie spesifikasies te ontvang en in te neem op terme en voorwaardes soos deur OVK van tyd tot tyd bepaal en ook om voorraad wat buite die voorgeskrewe spesifikasies is, weg te wys.

Die kliënt moet bevestig dat alle graan wat aan OVK gelewer of verkoop word voldoen aan die bepalings van die volgende wetgewing: Agricultural Product Standards Act, No. 119 of 1990; Fertilizers, Farm Feeds, Agricultural Remedies and Stock Remedies Act, No. 36 of 1947; Foodstuffs, Cosmetics and Disinfectants Act, No. 54 of 1972; Hazardous Substances Act, No. 15 of 1973 asook enige ander relevante wetgewing of publikasie wat voorskrifte in verband met die verbouing van graan stipuleer.

13.1 GRAADDISKONTO OP MIELIES

Die aankoop basis op mielies soos kwoteer deur OVK is vir graad 1 wit- of geelmielies. Toepaslike graaddiskonto's op mielies sal op 'n deurlopende basis deur OVK bepaal word op grond van marktendense en is verkrygbaar op aanvraag by die Graan Verkrygingsafdeling.

13.2 HANTERINGSVERLIES OP MIELIES

Die persentasie hanteringsverlies wat van lewerings verhaal word, is 0.89%. OVK behou die reg voor om hierdie persentasie op eie diskresie aan te pas om die netto massa te bepaal. Indien gifsade persentasie buite die toleransie soos per die regulasie is, word werklike sifsels (met 'n minimum van 0.89%) afgetrek aangesien die vrag in totaliteit gesif moet word.

HANTERINGSVERLIES OP SONNEBLOM

Die gradering van sonneblom bepaal dat dit op 'n skoon basis ingeneem word en alle vreemde materiaal, sifsels en Sclerotina afgetrek word om die netto massa te bepaal.

HANTERINGSVERLIES OP SOJABONE

Die persentasie hanteringsverlies wat van lewerings verhaal word, is 0.48%. Sojabone word op 'n skoon basis ingeneem en alle vreemde materiaal en Sclerotina word afgetrek om die netto massa te bepaal. (Indien die sifsels onder 10% is van die monster geneem, word geen sifsels afgetrek nie indien die monster verder binne die graderingsregulasies is nie.) Sou die 10% sifsel persentasie oorskry word, word alle sifsels afgetrek asook enige verdere oorskryding van die graderingsregulasie. Indien gifsade persentasie buite die toleransie soos per die regulasie is, word werklike sifsels afgetrek aangesien die vrag in totaliteit gesif moet word.

Kontak gerus u naaste Silobestuurder of Streeksbestuurder indien verdere inligting benodig word met betrekking tot graan gradering.

14. OPBERGING

14.1 INDIEN OPBERGING VAN MIELIES PLAASVIND MOET U ASSEBLIEF DIT SOOS VOLG OP DIE GELEIBRIEF AANDUI.

MIELIES

a) Seisoenstarief op mielies

Mielies 2022/2023 seisoen - R120 per ton (Hantering uitgesluit)

b) Deurvoertarief op mielies

Mielies R60 per ton plus R1.00 per ton per dag dagtarief

Bogenoemde kostes sal teen nie later as 30 April 2023 teen produsente se rekening gedebiteer word of tydens onttrekking, oordrag of verkoop van voorraad.

SONNEBLOM

a) Seisoenstarief op sonneblom

Sonneblom 2022/2023 seisoen - R168 per ton (Hantering uitgesluit)

b) Deurvoertarief op sonneblom

Sonneblom R102 per ton plus R1.90 per ton per dag

Bogenoemde kostes sal teen nie later as 28 Februarie 2023 teen produsente se rekening gedebiteer word of tydens onttrekking, oordrag of verkoop van voorraad.

SOJABONE

a) Seisoenstarief op sojabone

Sojabone 2022/2023 seisoen - R130 per ton (Hantering uitgesluit)

b) Deurvoertarief op sojabone

Sojabone R60 per ton plus 98c per ton per dag

Bogenoemde kostes sal teen nie later as 28 Februarie 2023 teen produsente se rekening gedebiteer word of tydens onttrekking, oordrag of verkoop van voorraad.

LET WEL: Seisoen/Jaarstoor is slegs besikikbaar vir produsente lewerings en is nie oordraagbaar nie en sluit dit 15% BTW uit op alle tariewe.

14.2 OPGRADERING

OVK kan nie by uitlaai van opbergvoorraad die graad waarborg nie en sal die toepaslike graderingsdiskonto's van toepassing wees op die werklike grade wat uitgelaai word. Die produsent sal dus verantwoordelik wees vir enige kostes wat ontstaan as gevolg van opgradering(s).

14.3 HEFFING VAN OPBERGTARIEF

Indien 'n produsent binne 10 dae vanaf lewering die betrokke voorraad aan OVK verkoop sal 10 dae gratis stoor ontvang word. Dit is dus slegs van toepassing op voorraad wat aan OVK verkoop word. Indien die voorraad egter na 10 dae vanaf lewering aan OVK verkoop word, sal opbergkoste vanaf dag 1 vanaf lewering betaalbaar wees, gevolglik sal daar geen gratis opberging wees nie. Die genoemde kostes sal teen nie later as die einde van die betrokke seisoen teen die produsent se rekening gedebiteur word.

Let egter daarop dat indien die produk voor genoemde datum uit die silo verwyder word, is die deurvoertarief en dagtariewe onmiddelik betaalbaar. Indien die graan na genoemde datum onttrek word is dagtariewe vanaf 30 April 2023 vir mielies en 28 Februarie 2023 vir sonneblom en sojabone tot datum van onttrekking of aanvraag van silosertifikaat maandeliks deur die produsent betaalbaar.

Indien die graan wat as eie opberging gelewer is, aan OVK verkoop word, voor 30 April 2023 vir mielies , 28 Februarie 2023 vir sonneblom en sojabone word bogenoemde opbergkoste (beperk tot seisoentarief) verhaal met die verkooptransaksie. Indien die kliënt opgebergde graan na buite verkoop, word die kostes gewoonlik van die produsent verhaal tensy die koper vooraf anders ooreenkom.

Weens kapasiteitsprobleme by silo's gebeur dit gereeld dat produsente se graan slegs vir 'n beperkte tydperk opgeberg kan word. Die situasie verskil egter van jaar tot jaar, afhangend van die grootte van die oes. Op versoek oorweeg bestuur alternatiewe om dié produsente te akkomodeer. 'n Beleid ten opsigte van eie opberging by bogenoemde silo's sal dus jaarliks deur bestuur neergelê word, indien nodig.

15 LOJALITEITSKORTING

U word weer daarop gewys dat OVK u as lojale produsent vergoed wanneer u met OVK besigheid doen deur 'n lojaliteitskorting te betaal teen R12.50 per ton vir lewering/ stoor by 'n OVK silo en 'n addisionele bedrag van R1 per ton vir tonne aan OVK verkoop/ bemark. Skakel gerus met u naaste Kliëntefinasiering kantoor vir meer inligting.

Hierdie korting val u toe in die maand wat die graan gelewer of verkoop word. OVK aandele wat huidig uitstekend groei en waarop u jaarliks dividende verdien, word namens u met die korting gekoop en aan u toegedeel waaroor uself kan beskik.

16 ALGEMEEN

OVK wil u graag verseker dat sover moontlik alle reëlings getref is om die oes te hanteer en so spoedig moontlik af te handel.

Dit word vertrou dat u 'n voorspoedige oestyd sal hê, met reëlings wat vlot verloop en dat die oes u verwagtinge sal oortref.

OVK Groete

LOUIS P. FOURIE
BESTUURDER: GRAAN

Aanhangsel A

SAAM BEREIK ONS MEER
TOGETHER WE ACHIEVE MORE

OOS VRYSTAAT KAAP BEDRYF BEPERK

Mielies, Springmielies & Sorghum				
Seisoentarief	R120.00 per ton vanaf 1 Mei 2022 tot 30 April 2023			
Hanteringskoste	R60.00 per ton			
Dagtariewe	**R1.00 per ton per dag**			
Sifkoste*gifsade	11-25 @ R70.00per ton	26-50 @ R145.00 per ton	51-100 @ R200.00	Meer as 100 op aanvraag
Addisionele sifkostes	R70.00			
Drogings koste	14.1-14.5 @ R11.00 per ton	14.6-15 @ R35.00 per ton	15.1-16 @ R66.00 per ton	16.1-17 @ R104.00 per ton 17.1-18 @ R172.00 per ton
Geen droging en sif op Springmielies en Sorghum beskikbaar nie				

Sojabone				
Seisoentarief	R130.00 per ton vanaf 1 Maart 2022 tot 28 Februarie 2023			
Hanteringskoste	R60.00 per ton			
Dagtariewe	**98c (sent) per ton per dag**			
Sifkoste*gifsade	11-25 @ R77.00 per ton	26-50 @ R155.00 per ton	51-100 @ R220.00 per ton	Meer as 100 op aanvraag

Sonneblom				
Seisoentarief	R168.00 per ton vanaf 1 Maart 2022 tot 28 Februarie 2023			
Hanteringskoste	R102.00 per ton			
Dagtariewe	**R1.90 per ton per dag**			
Sifkoste*gifsade	11-25 @ R77.00 per ton	26-50 @ R155.00 per ton	51 – 100 @ R220.00	Meer as 101 op aanvraag
Drogings koste	10.1-10.5 @ R55.00 per ton	10.6 -11.0 @ R64.00 per ton	11.1-11.5 @ R70.00 per ton	11.6- 12.0 @ R75.00 per ton

Koring				
Seisoentarief	R142.00 per ton 1 Oktober 2021 tot 30 September 2022			
Hanteringskoste	R60.00 per ton			
Dagtariewe	**R1.10 per ton per dag**			
Sifkoste*gifsade	11-15 @ R107.00 per ton	16+ op aanvraag @ R160.50 per ton		
Sifkoste*Sifsels	0-5.99 @ Geen	6-8.99 @ R34.50 per ton	9-11.99 @ R59.50 per ton	12+ @ R183.18 per ton
Drogings koste	13.1-13.5 @ Geen	13.6-14 @ R37.80 per ton	14.1-15 @ R56.10 per ton	15.1-16 @ R75.50 per ton
Drogings koste	**16.1-17 @ R109.91. per ton**	**17.1-18 @ R132.81 per ton**		

(Bogenoemde kostes is BTW uitgesluit)

Jaarstoor: Oos Vrystaat silo's (Ficksburg, Fouriesburg, Clocolan, Tweespruit, Modderpoort, Marseilles, Westminster)

Dagstoor: Noord Kaap & Oos Kaap (Cradock, Mortimer, Elliot, Prieska, Oranjerivier, Havengabrug, Morgenzon, Rietrivier,Swemkuil)

Sep/ Maart: Alle OVK silo's soos bogenoem

Silosertifikaatkoste: R4.00 per ton met 'n minimum van R75.00 (BTW uitgesluit)

Adminkoste: R6.00 per ton (BTW uitgesluit)

OVK Groete